# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Albert Bierman
boekwinkel@apk.co.za

20 September 2019

**OMSENDBRIEF 8/2019**

## BESTELLING KERKJAARBOEK 2019

AAN ALLE SKRIBAS VAN GEMEENTES

Geagte Broeder/Suster

Hierby ingesluit is 'n bestelvorm vir die Kerkjaarboek 2020.

U is sekerlik bekend met die gebruikswaarde van ons Jaarboek. Die publikasie het deur die loop van jare in ons kerkverband ingeburger geraak as 'n naslaanboek om noodsaaklike inligting te bekom oor gemeentes, predikante, kontakgegewens, ensovoorts. Dit is dus 'n onontbeerlike item in elke gemeente se administrasie. Daarby gebruik die meeste lidmate ook die dagstukkies vir hul eie geestelike verryking en by huisgodsdiens. Daar is vanjaar weer met groot sorg aan die gehalte aandag gegee.

Elke lidmaat of huisgesin behoort 'n Jaarboek te hê, maar die Jaarboek is ook 'n nuttige geskenk vir 'n vriend/vriendin/kennis. Om hierdie gebruik aan te moedig, gee ons weer die Jaarboek in verskillende formate uit (kyk bestelvorm). Sodoende kan dit 'n nuttige geskenk wees vir iemand buite ons kerkverband. Baie belangrik: Kyk asseblief ook die verskillende opsies wat te koop is. Die dagstukkies is geskryf aan die hand van 'n Bybelleesrooster wat deur prof. Koos Adendorff opgestel is. Indien die leesplan vir oggendstiltetyd, huisgodsdiens en aandstiltetyd getrou gevolg word, sal u die Bybel in een jaar deurlees met kommentaar op 'n derde van die Skrifgedeeltes.

Wil u nie asseblief toesien dat die Jaarboek baie pertinent deur middel van 'n afkondiging onder die gemeente se aandag gebring word nie? Laat ons dan u gemeente se bestelling asseblief teen 15 Oktober 2019 ontvang.



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023

Maak gerus van ons elektroniese bestelvorm gebruik:
Gemeentes: https://www.cognitoforms.com/AfrikaanseProtestantseKerk/LigInDuisternisUitgewers
Persoonlik: https://www.cognitoforms.com/AfrikaanseProtestantseKerk/LigInDuisternisUitgewers2

Andersins kan u die bestelvorm voltooi en e-pos na boekwinkel@apk.co.za of faks na 086 559 7239. Maak asseblief seker dat ons u bestelling betyds ontvang.



**Ds. JL Schütte**
**Direkteur van Kerkadministrasie**



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 🖷 (012) 362-2023